# DIE WÊRELDKONFERENSIE VAN DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE OOR KERK EN GEMEENSKAP, GENEVE 1966.

**('n Beoordeling)**

Ds. C. J. Mans

## A. HISTORIESE AANLOOP:

Ten einde hierdie Konferensie en sy werk beter te kan begryp, is dit nodig dat ons eers vooraf kortliks die historiese aanloop daarvan sal stel.[1])

„Kerk en gemeenskap" is 'n onderwerp wat die ekumeniese denke vir byna vyftig jaar reeds intensief besig hou. Hierdie Konferensie was die derde sogenaamde „World Conference" wat oor hierdie onderwerp gehou is. Die eerste was die **„Universal Christian Conference On Life and Work"** wat in 1952 te Stockholm gehou is en die tweede die **„World Conference on Church, Community and State"** gehou te Oxford in 1937. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die **Wêreldraad van Kerke** [2]) hom veral toegespits op die verdere ontwikkeling van die ekumeniese sosiale denke. Die vergadering van die Wêreldraad te **Amsterdam** in 1948, het die gedagte van die **„Responsible Society"** as norm gestel vir die Christelike optrede (action) in die gemeenskap. Uit die WR se vergadering wat gehou is te **Evanston** in 1954, het daar voortgevloei die bestudering van die onderwerp **„The Common Christian Responsibility towards Areas of Rapid Social Change".** Die soeklig het in hierdie geval veral geval op Asië, Afrika en Suid-Amerika. Na die **New Delhi-vergadering,** is in die geledere van die WR die behoefte gevoel aan 'n Wêreldkonferensie om die sosiale denke van die ekumeniese beweging verder te ontwikkel. Die Sentrale Komitee van die WR het op sy vergadering te Parys in 1962 die voorgestelde wêreldkonferensie goedgekeur en die uitvoering daarvan opgedra aan sy **Afdeling Kerk en Gemeenskap („Department of Church and Society").**

Ter voorbereiding van die Konferensie is vier volumes met artikels,voorberei deur sestig wetenskaplikes uit baie lande van die wêreld, oor die volgende vier onderwerpe gepubliseer tussen April en Junie 1966.

---

[1]) Vir 'n meer volledige oorsig sien **World Conference on Church and Society. Official Report,** Geneva 1967, bl. 1-10. (Gesiteer **World Conf. Official Report.**

[2]) Voortaan afgekort WR.

i) Christelike sosiale etiek in 'n veranderde wêreld.
ii) Verantwoordelike regering in 'n rewolusionêre wêreld.
iii) Ekonomiese groei in wêreld-perspektief.
iv) Die mens in gemeenskap. [3])

B. **DIE DOELSTELLINGS VAN DIE KONFERENSIE :**

Die Konferensie het sy finale beslag gekry op 'n vergadering van die **Sentrale Komitee** van die WR gehou te Enugu. Dit is omskrywe as 'n „**Conference on Church and Society: Christians in the Technical and social revolutions of our time**".[4])

**Die doelstellings** van die Konferensie sou wees om verteenwoordigers van die sosiale wetenskappe en mense wat betrokke is by die ontwikkeling van nuwe vorme van die gemeenskap in die kontemporêre wêreld, asook teoloë byeen te bring om

1. die volgende **feitelike gegewenhede** in die huidige wêreld met hulle implikasies vir menslike verhoudinge te ondersoek:
   a) die toenemende **tegnologiese ontwikkeling** van ons tyd;
   b) die **bevryding van volke van verskillende soorte van oorheersing** saam met hulle nuwe verwagtings van 'n voller lewe;
   c) die steeds toenemende **verdeling tussen die ryk en die arm lande** van die wêreld;

---

[3]) Die vier publikasies is: **Christian Social Ethics in a Changing World,** edited by John C. Bennet, New York en London 1966; **Economic Growth in World Perspective,** edited by D. Mundy, New York en London 1966; **Man in Community** edited by Egbert de Vries, New York en London 1966 en **Responsible Government in a Revolutionary Age** edited by Z. K. Matthews, New York en London 1966.

[4]) **Minutes of the Central Committee,** Enugu, bl. 82-83: „to bring together representatives of the human sciences and those involved in developing new forms of society in the contemporary world, as well as theologians:
1. to examine the following realities in the contemporary world and their implications for human relationships:
— the accelerating technological development of our time;
— the liberation of peoples from various kinds of dominance together with their new expectations of a fuller life;
— the growing divisions between the rich and the poor countries;
— the conflicting interests and consequent power struggles of the nations in an increasingly interdependent world.
2. to recognise the way in which these revolutionary changes have affected and continue to affect the Christian discipleship in the modern world.
3. to consider in the light of such recognition, the bearing of the Christian Gospel on social thought and action:
— to formulate, for consideration by the Churches, proposals for the strengthening and renewal of their ministry by society;
— to help the World Council of Churches in formulating policies which will give expression to a Christian concern for human solidarity and justice and freedom in a world of revolutionary change.

d) die **botsende belange** en die daaruit volgende **stryd van die nasies om mag** in 'n wêreld waar die volke op mekaar aangewys is.

2. om vas te stel op **welke wyse hierdie rewolusionêre veranderings die christelike dissipelskap beïnvloed het,** en nog steeds beïnvloed.

3. om in die lig van sodanige erkenning **die betekenis van die Christelike Evangelie vir die sosiale denke en optrede, te oorweeg:**

— om voorstelle te formuleer wat deur die Kerke oorweeg kan word **vir die versterking en vernuwing van hulle taak deur die gemeenskap;**

— om die WR van Kerke te help om beleidsrigtings te formuleer wat uitdrukking sal gee aan **'n Christelike bewoënheid vir menslike solidariteit, geregtigheid en vryheid in 'n wêreld van rewolusionêre verandering.**

Die WR van Kerke wil hier dus uitgaan van 'n feitlike gegewenheid, naamlik die wêreld in 'n situasie van rewolusionêre verandering op verskillende terreine (Tegnologie, Staatkunde en internasionale Ekonomie en Politiek). Dat die WR op 'n deeglike wyse die gegewe rewolusionêre veranderings in die moderne wêreld aangepak het, moet toegegee word.

Die Konferensie moes vasstel op welke wyse die wêreldsituasie van rewolusie op die verskillende terreine die Christenwees in die wêreld beïnvloed het en nog steeds beïnvloed, om dan vas te stel wat die betekenis van die Evangelie vir die **sosiale denke** en **optrede** van die Kerk is, en waaruit dan voorstelle moet volg wat kan dien tot versterking en vernuwing van die Kerk se taak. Merkwaardig is egter dat dan bygevoeg word dat die versterking en vernuwing van die Kerk se taak uit die **gemeenskap** moet kom en nie uit die Evangelie nie. Laastens moet die Konferensie die WR van Kerke in staat stel om beleidsrigtings te formuleer waaruit die **christelike bewoënheid** om **menslike solidariteit, geregtigheid** en **vryheid** in die gegewe rewolusionêre situasie sal spreek.

## C. DIE SAMESTELLING VAN DIE KONFERENSIE:

Die wyse waarop die Konferensie saamgestel is, was egter van so 'n aard dat 'n mens vooraf reeds kon verwag dat dit inderdaad só sal wees dat die Konferensie die gesoekte versterking en vernuwing van die Kerk se taak, nie in die Evan-

gelie nie, maar in die **gemeenskap** wat in die greep van rewolusionêre veranderings op baie terreine verkeer, sal vind. Dit is vooraf te verwagte dat wanneer die Konferensie die begrip „teologie van die rewolusie" gebruik, dit 'n „teologie" sal wees waarin daar feitlik alleen maar net plek vir die rewolusie sal wees. Die Bybel sal slegs die teksboek kan wees waarin agterna dan gesoek moet word na die gronde wat daarin **moet** bestaan vir die „teologiese" beginsels wat vooraf reeds aanvaar is. Dit is dan ook vooraf te verwagte dat die Konferensie se waardering van die rewolusie self rewolusionêr sal wees.

Gewoonlik word 'n beraad van die WR van Kerke saamgestel uit afgevaardigdes wat benoem is deur die ledekerke van die WR en wat dan namens hulle Kerke optree. Aanvanklik sou hierdie Konferensie ook só saamgestel gewees het. Dit is egter om die volgende redes nie so gedoen nie:

i) Dit sou die Konferensie te sterk laat oorhel na die kant van die kerklike leierskap.

ii) As die aantal afgevaardigdes toegestaan sou word in ooreenstemming met die getalsterkte van die ledekerke, sou dit beteken dat al die wêrelddele nie na behore verteenwoordig sou wees op die Konferensie oor sosiale aangeleenthede wat hulle juis ten nouste raak nie.

iii) Die organiseerders van die Konferensie was ook oortuig dat indien dit op die ou wyse saamgestel sou word, dit nie die vryheid sou hê om skeppende pionierswerk te verrig in sake die Kerk se verantwoordelikheid in die gemeenskap nie.

Daar is toe besluit dat die Konferensie een moet wees wat nie **namens** die ledekerke spreek nie, maar **tot** hulle spreek. Die WR het toe self die afgevaardigdes benoem uit lyste van name wat deur die verskillende ledekerke voorgelê is. Dit het tot gevolg gehad dat

i) die gesoekte balans tussen teoloë aan die een kant en leke wat spesialiteite is op verskillende terreine verwerklik kon word.

ii) 'n verteenwoordiging op die Konferensie gewaarborg kon word wat in ooreenstemming is met die rol wat die verskillende gebiede in die wêreldgemeenskap speel.

iii) die Konferensie in staat sou wees om 'n nuwe standpunt in te neem oor die Christelike sosiale denke en nuwe moontlikhede voor te lê.

Die Konferensie was gevolglik gekenmerk deur

i) die sterk verteenwoordiging van die „laity" en

ii) die relatief groot verteenwoordiging van die nie-westerse wêreld.

Uit die 338 verteenwoordigers was 180 leke en 158 teoloë. Die teoloë het bestaan uit 20 predikante, 50 professore in Sosiale Etiek en 57 kerklike leiers en amptenare. Onder die 180 leke was daar nie minder as 50 politici nie.[5])

Van die Konferensie is gesê: „Theology was also present at Geneva. But it was in die background. (It) was not the basic medium of discourse . . . "[6]) Die Konferensie was dus in die sin voorwaar 'n merkwaardigheid dat dit op **nie-teologiese wyse** die betekenis van die **Christelike Evangelie** vir die sosiale denke en optrede van die Kerke, wou oorweeg. Dit is dan ook vooraf te verwagte dat ook die Konferensie se waardering van die Evangelie vir die sosiale denke en optrede van die Kerke, rewolusionêr sal wees.

Dit is 'n onbegonne taak om in die bestek van so 'n praatjie 'n volledige beoordeling van hierdie Konferensie en sy magdom van studiemateriaal te gee. Ons kan slegs 'n paar opmerkings maak by wat volgens ons mening, die belangrikste uitgangspunte, besprekings en besluite was.

## D. UITGANGSPUNTE VAN DIE KONFERENSIE:

1. Alhoewel die motivering vir byvoorbeeld ekonomiese ontwikkeling oor die algemeen genome van sekulêre aard is en sy persoonlike en nasionale vorms dikwels ideologies gekleurd is, glo die christen dat die basiese implus vir konstruktiewe sosiale verandering, vir ekonomiese en sosiale geregtigheid, nie 'n menslike produk is nie, maar die werk van **die Gees van God.**[7])

2. Dit word dan weer aan **Christus** verbind „wat Hom geïdentifiseer het met die **behoeftes** van die mens—materieël sowel as geestelik, en die menslike lewe genees en hervorm het. En wanneer die Kerk nou die blye tyding verkondig dat Christus gelewe, gesterwe en opgestaan het uit die dode, sodat die mens in die regte verhouding tot God en sy naaste kan lewe, dan skep

---

[5]) Sien hieroor **World Conference Official Report,** bl. 9 en 10. Die verskillende streke van die wêreld was so verteenwoordig: Amerika 76, Oos-Europa (insluitende Rusland) 45. Afrika 42, Asië 46, die Midde-Ooste 17 en Australië en Nieu Seeland 5.

[6]) C. C. West. **Technologists and Revolutionaries in Background Information for Church and Society,** No. 38, bl. 2.

dit nie net die mees **fundamentele basiese motief** vir sosiale veranderings nie, maar ook die duursaamste.[8])

3. Die Christene is gevolglik geroepe **om voortdurend aktief besig te wees met die omskepping van die gemeenskap.** [9])

Ons sal hieronder aantoon dat hierdie uitgangspunt **'n betekenisvolle** uitbreiding op die Konferensie ervaar het.

4. 'n Verdere uitgangspunt is die **„understanding of the ‚human' as a criterion for judging economic and social change"** [10]) wat afgelei word van die feit dat Jesus Christus die openbaring is van wat „true God and true Man" is.[11]) Dit is dan die taak van die kerke om enersyds dit wat „truly human" in die huidige situasie is, te bewaar, maar andersyds moet hulle 'n oop oog hê vir bestaande ongeregtighede en poog om beter moontlikhede van menslike lewe te verwesentlik deur die prosesse van byvoorbeeld ekonomiese groei en sosiale veranderings. [12])

Die merkwaardige is egter dat hierdie beskouing van die menslike as norm gestel is, ondanks die feit dat erken is dat daar „no full theological agreement on the meaning of our humanity in Christ" is nie.[13]) Wat onder die **menslike** verstaan moet word is dus vasgestel **voordat** helderheid verkry is oor wat die **Christologie** in hierdie saak te sê het.

Saam met die uitsprake van die WR oor rasse aangeleenthede is hierdie vier uitgangspunte in hoofsaak die teologiese uitgangspunte wat as basis, miskien eerder as agtergrond vir die besprekings en besluite van die Konferensie gedien het.

Ons het dus hier te doen met die ou bekende uitgangspunte van die ekumeniese denke van die WR, wat — vir soverre dit „teologie"wil wees — moeilik anders getipeer kan word as die teologie van die versosialiseerde Evangelie.

---

[7]) **World Conference Official Report,** bl. 67: „ . . . for the Christian the basic impluse for constructive social change, for economic and social justice, is not a human product, but is the world of the Spirit of God".

[8]) **World Conference Official Report,** bls. 67.

[9]) Sien **World Conference Official Report,** bl. 49.

[10]) **World Conference Official Report,** bl. 52. (Ons kursivering).

[11]) **World Conference Official Report,** bl. 52. In him we see most clearly what it means to say that man is made in the image of God, that in his dealing with the material world the Christian is called to express the Lordship of Christ and to do so with a sense of his solidarity with all men".

[12]) **Sien World Conference Official Report,** bl. 53.

[13]) Sien voetnota onder aan bls. 53 van **World Conference Official Report.**

E. **DIE BEHANDELING VAN DIE TEMAS VAN DIE KONFERENSIE:**

Vanuit hierdie uitgangspunte is die vier temas van die Konferensie benader.

1) **Die Wetenskaplike en Tegnologiese Rewolusie:**

In die voorbereidende denkarbeid vir die Konferensie en ook tydens die Konferensie, is gepoog om 'n duidelike beeld te kry van die gevolge van die fenomenale wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling wat sy eie rewolusie meebring. By die bespreking van hierdie tema is belangrike bydraes gelewer veral veral deur **Dr. Emmanuel G. Mesthene** van die Universiteit van Harvard en prof. **Jacques Ellul** van die Universiteit van **Bordeaux Mesthene**[14]) het aangetoon dat hierdie ontwikkelng enersyds ryk is aan beloftes, maar andersyds ook iets is wat die mens totaal kan ontmoedig of selfs kan vernietig. Dit lei inderdaad tot meer mag en groter keuse en vryheid vir die mens. Maar as dit alles moet staan in die diens van „more humanity" sal 'n magdom wysheid nodig wees om dit te verdiskonteer. Die ontwikkeling op hierdie terreine gee aan die mens steeds meer mag, maar die tempo waarop die mag vir die mens vrygestel word is baie vinniger as die vermoë van die mens om die mag behoorlik te begryp en reg te gebruik. **Ellul**[15]) het opgemerk dat die onstuitbare tegnologiese ontwikkeling eties ambivalent is. Dit stel nie die vraag na goed en kwaad nie. Dit is egter die taak van die Kerk om invloed uit te oefen op die sosiale, politieke en ekonomiese veranderings wat deur die tegnologiese ontwikkeling meegebring word. In hierdie taak sal die Kerk nie kan toegee aan die heersende eis in sommige kringe om die fundamentele geestelike en etiese tradisies van die verlede te likwideer nie, terwyl dit ook netso misleidend sal wees om voor te gee dat alles in die bestaande orde reg is.

2. **Politieke en ekonomiese rewolusie:**

Onder die bespreking van die politieke en ekonomiese rewolusie, het 'n opvatting oor die begrip „rewolusie" na vore gekom wat vanaf die tweede sittingsdag beslag gelê het op die denkrigting van die Konferensie. Die spreker wat hier die meeste stof opgeskop het, was 'n jong regsgeleerde van Nigerië, **Bola Ige** met sy lesing oor **„The Political Dynamics of the Newly**

---

14) Vir 'n samevatting van Mesthene se betoog, sien **World Conference Official Report,** bls. 4.

15) Sien hieroor **World Conference Official Report,** bl. 15.

**Awakened Peoples".** [16]) Vir **Ige** en andere soos die Roomse prof. **Candido Mendes de Almeida** van Brasilië, **Edouardo Frei** van Chili, **Hiber Conteris** van Uruguay, prof. **Richard Shaull** van Princeton en **Eduardo Mondlane,** leier van die „Mozambique Liberation Front", het dit nie gegaan om die konfrontasie van die mens met die wetenskap en tegniek nie, maar om die konfrontasie van mense met mekaar. Die begrip „rewolusie" is hier nie meer aanduiding van 'n feitlike grootheid nie, maar is iets wat deur die WR **doelbewus nagestreef en geïmplimenteer** moet word: Dit gaan om sosiale rewolusie!

Dit is vir Ige nie 'n strydpunt tussen die Westerse en die Kommunistiese beskouings oor die gemeenskap nie, maar 'n stryd tussen hulle wat voorspoed en stabiliteit besit soos bv. Amerika en Rusland en die nasies en rasse, insluitende die klasse in die ontwikkelde lande, wat basies arm en sonder enige mag is. Hy het daarop gewys dat die land in Afrika, Asië en Suid-Amerika wat onafhanklik geword het, nie in werklikheid vry is nie. By die geweldig problematiese taak van selfontwikkeling het hierdie lande te kampe met, wat hy noem, die „interfering hands of our former colonial masters and their friends". Die nuwe nasies is gewerp in die „turbulent sea of ideological confrontations" wat veroorsaak word deur die magstryd tussen Amerika en Rusland wat nie net vanuit hulle eie land spreek nie, maar: „They come breathing down the necks of the new nations. Because of their material wealth they dazzle the eyes of the new nations, and many of them have at one time or another had to practise political harlotry. All of the new nations, one would say except Communist China". Volgens Ige kan daar geen vrede wees in 'n wêreld waarvan 2/3 genoem word „die armes", „die onder-ontwikkeldes" die „derde wêreld" of die „ontwakende nasies" nie. Daar kan nie vrede wees in die wêreld as 75 volke se ekonomiese en daarom ook hulle politieke toekoms gedikteer word deur die eiebelang van Europa en Amerika nie. Vrede in die wêreld is onmoontlik solank Amerika en Rusland hulle die monopolie toe-eien om die toekoms van die wêreld en van volke te beheer. Vrede is onmoontlik solank daar in die wêreld nog 'n enkele kolonie bestaan en solank as die neo-kolonialisme aktief bly".[17])

Die basiese eis van die nuwe nasies is volgens hom, dat hulle hul deel van die mag wat in die hande van die minderheid van die mensheid is, sal ontvang. Rykdom en tegnologie is egter

---

[16]) Sien vir uittreksels uit Ige se toespraak **World Conference Official Report,** bls. 16-18.
[17]) Sien **World Conference Official Report,** bl. 18.

magtiger, subtieler en gevaarliker as blote politieke mag. Daarom voorsien hy dit dat die stryd teen neo-kolonialisme „will be more bitter and probably more disastrous than the fight against imperialism".

Ige het ook 'n skerp aanval gemaak op diegene wat hulle wel met die gedagte van rewolusionêre verandering wil versoen maar dan onder die voorwaarde dat dit geskied binne konstitusionele perke of dat dit moet volg langs die weg van geleidelike hervormings van die konstitusionele struktuur. Hierdie standpunte gaan vir Ige daarvan uit dat die konstitusie reg is. Maar, vra hy, „what if the basic dispute is that the whole constitution, the concept of it, and the whole system should be scrapped? What if the peoples in the new nations say: We do not need the past — we have got to throw it away — including, if necessary, those who held political power in the past?" Hy het gepleit vir 'n wêreldwye rewolusionêre verandering „which would knock out all existing suffocating constitutions, systems and the powers that keep them going". [18])

**Mondlane,**[19]) leier van die Mosambiekse Bevrydingsfront, het dit gestel dat die „nuwe nasies" moet besef dat hulle self moet werk vir hulle onafhanklikheid sonder om te bedel van die Weste. Hy het aan die nuwe nasies die voorbeeld van Rooi Sjina voorgehou wat sonder Amerikaanse en Russiese hulp sy eie volksheil uitgewerk het.

## F. „A RELEVANT THEOLOGY OF REVOLUTION NEEDED".

In die finale boodskap van die Konferensie aan die Kerke, volg op die stelling: „As Christians we are committed to working for the transformation of society" die volgende opmerkings: In die verlede het die Kerke gewoonlik probeer om die gemeenskap te hervorm langs die weg van pogings deur die bestaande instellings. Tans is dit egter so dat 'n groot groep van mense wat hulle wy aan die diens van Christus en hulle naaste, 'n meer **radikale** of **rewolusionêre standpunt** inneem. [20])

Die „meer radikale of rewolusionêre standpunt" wat sommige Christene inneem, het dit vir die Konferensie nodig gemaak om te soek na **'n relevante teologie van die rewolusie.**

---

18) Sien **World Conf. Official Report,** bl. 18.
19) Sien **World Conf. Official Report,** bl. 19 en 20.
20) „In the past we have usually done this through quiet efforts at social renewal, working in and through the established institutions according to their rules. Today, a significant number of those who are dedicated to the service of Christ and their neighbour assume a more radical or revolutionary position".

Ons het reeds hierbo daarop gewys dat die Konferensie uitgegaan het van die **feitlike situasie van rewolusionêre** verdering ook op staatkundige gebied. Dit geld veral ten opsigte van daardie lande wat bekend staan as die „**onderontwikkelde lande**" of „**The Third World**". In feitlik al hiedie lande wat baie sterk verteenwoordig was op die Konferensie, bestaan daar 'n rewolusionêre situasie, volgens **Arthur Rich**[21]) wat in die vorm van **anti-kolonialisme, anti-feudalisme** en **anti-kapitalisme,** navore tree. Hierdie „**Third World" is volgens Rich**[2]) a „revolutionary world . . . (where) **The question is no longer whether one wants revolution or not, but how and by whom it should be carried out".**[23]) Vir hom (Rich) is dit ook 'n vraag „whether the living God is not perhaps at work in the modern revolutionary movement, despite its opposition to historical Christianity, itself so closely interwoven with the traditional ruling, social and economic structures". [24])

Die vernaamste sprekers oor hierdie onderwerp was prof. **Heinz Dietrich Wendland,** eertydse rektor van die Universiteit van Westphalië, prof. **Richard Schaull** van Princeton en prof. **Vitali Borovoy** van die teologiese akademie van die Russies-Ortodokse Kerke, Leningrad.

Volgens hierdie drie sprekers het die bestaande Christendom geidentifiseer geraak met die **status quo** en dat gevolglik „**a recasting of theological language and thought**" noodsaaklik is „to recapture the **original Christian revolutionary emphasis".**[25])

Volgens **Wendland**[26]) is die rewolusionêre element in die Christelike boodskap **eerder indirek** as direk, omdat dit sy uitdrukking gevind het in 'n **eskatologiese ethos** wat die stryd teen die **sonde en ongeregtigheid** („sin and injustice") as iets beskou wat nie voltooi kan word in die geskiedenis nie. Dit veroorsaak egter 'n „spirit of struggle" sodat die Kerk in sy begrip van die mens en die ethos van sy optrede gehelp het om die magte van verandering te bevry. Gevolglik, aldus Wendland, was die Christene altyd te vinde vir 'n „**kritiese solidariteit**" met mense in hulle politieke en sosiale stryd teen „**injustice**". Volgens Wendland moet die bydrae wat die Christene aan die gemeenskap moet lewer, afgelei word van die geloofsoortuiging dat God self die

---

21) Arthur Rich, **Revolution as a Theological Problem in Background Information for Chruch and Society,** No. 38, bl. 184.
22) Rich in a.w. bl. 19 (Ons kursivering.)
23) Rich in a.w. bl. 20. (Ons kursivering.)
24) Rich in a.w. bl. 19.
25) Sien **World Council of Churches Information, 14 Julie 1966.** (Gesiteer: W. C. C. Information.)

deur oophou vir die menslike geskiedenis in die toekoms waarin baie geleenthede hulle voordoen om die gemeenskap te vorm.

In hierdie sin wil Wendland dan dink aan „**an ethic of revolutionary Christian humanism**" wat 'n vervulling sal wees van die erfenis van die rewolusionêre Christelike groepe van die **Engelse rewolusie en van die puriteine.** [27])

Wendland het dit egter ook gestel dat die Christene hulle nóg deur die ideologie van die absolute rewolusie, nóg deur die utopie van 'n volmaakte gemeenskap mag laat lei. Die rewolusie mag vir hom ook nie deur geweld bewerkstellig word nie, maar alleen langs die weg van hervormings. Die hervormings moet egter doelgerig wees en steeds „the new order of society . . . with new interplay between political forces and social groups" in die oog hou. In hierdie sin kan die Kerk, volgens Wendland, dan die oorsprong wees van konstante rewolusionêre veranderings in die staat en die gemeenskap.

**Shaull** het met Wendland saamgestem, maar bygevoeg: „All of our encouraging theological reflections will not be of much help to the new revolutionary unless they are set within the concrete revolutionary situation and related to the questions arising there". [28])

In sy analiese van die huidige sosiale veranderings het Shaull op drie dinge gewys: [29])

(a) Eerstens dat die tegnologie, afgesien van sy rewolusionêre „impact" op die struktuur van die moderne gemeenskap, neig in die rigting van 'n totalitêre sisteem van sosiale oorheersing wat feitlik onbeperkte moontlikhede bied vir die handhawing van die bestaande orde.

(b) Tweedens is die tradisionele tipe van sosiale rewolusie prakties feitlik onmoontlik omdat dit kan uitloop op sosiale en ekonomiese chaos met rampspoedige gevolge.

(c) Daar moet dus gesoek word na „**a new strategy of revolu-**

---

[26]) Sien ook **World Conference Official Report,** bl. 24 en 25.
[27]) Sien **World Conference Official Report.** bl. 23 en 24.
[28]) **W.C.C. Information,** 14 Julie 1966, bl. 2.
[29]) „Technology, for all its revolutionary impact on the structures of modern society, has tended toward a total system of social domination which offers almost unlimited possibilities for preserving the established order. The traditional type of social revolution is almost practically impossible because it can result in social and economic disorganisation with disastrous consequences.
There must therefore, be a search for a new strategy of revolution which will use technology for the cause of social transformation and emancipation." **WCC Information, 14 Julie 1966, bl. 2.**

**tion"** wat die tegnologie sal gebruik vir die doel van sosiale hervorming en emansipasie.

Vir hierdie strategie het hy iets in gedagte gehad soos die buigsame en maklik aanpasbare metodes van die guerilla-oorlogsvoering toegepas op die politieke en ekonomiese vlak. En nou is dit volgens Shaull, **die taak van die Kerk** om die slagoffers van elke magsisteem te help om so 'n strategie daar te stel [30]) en om die samehang te verskaf waarin die mens vry is vir en aangemoedig word om hierdie rewolusionêre verbintenis te aanvaar en gehelp word om 'n teologiese perspektief op en 'n etiek vir rewolusie uit te werk. [31]) Om dit te kan doen moet die Kerk en die teologie **bevry word van hulle historiese denkwyse** wat die **„Christian involvement"** verhinder het om die **„explosive ethical factor"** te wees wat dit behoort te wees in die geskiedenis. [32])

Anders as Wendland wat alleen wil weet van „non-violent action" stel **Shaull:** The **tactic** will be non-violent where possible, but not exclude violence [33]) omdat „there may in fact be some situations in which only the threat or use of violence can set the process of change in motion".[34])

Volgens Shaull moet die Christen in die vorm van sy „revolutionary involvement" . . . „the judging and transfiguring power of Christ" uitlewe. [35])

Dit is egter ook vir hom duidelik dat die rewolusie nie die „absolute goeie' is nie en dat daar ook 'n tyd mag kom waarin die christelike getuienis sal moet aantoon dat die rewolusie self meer onmenslikheid bevat as dié wat dit beveg. Maar dan beklemtoon hy onmiddellik weer: „now is not this time and the Christians of today, **identified** on the whole with a **bourgeois society** and an established order, are not the people to discern when and how to do it. Repentance then must precede theology". [36])

Dit is die wyse waarop Shaull vir die Christendom, wat volgens hom geidentifiseer geraak het met die **status quo,** iets wou terugwen van die „original Christian revolutionary emphasis'. [37])

---

[30]) Sien **Background Information for Church and Society,** No. 38, bl. 13.
[31]) Sien **WCC Information.** 14 Julie 1966, bl. 2.
[32]) **World Conf. Official Report,** bl. 25. (Ons vetdruk.)
[33]) **Background Information for Church and Society,** No. 38, bl. 13. (Ons vetdruk.)
[34]) **World Conf. Official Report,** bl. 25. (Ons vetdruk.)
[35]) **Background Information,** No. 38. bl. 13 en 14.
[37]) **WCC Information,** 14 Julie 1966, bl. 1. (Ons vetdruk.)

Twee lede van die Russiese Ortodokse Kerk, naamlik **Borovoy** en **Nikodim** wou egter nog veel verder as **Shaull** gaan. In hulle toesprake en kommentaar op die studiestukke vir die konferensie is die woord **„sosiale'** in die begrip **„sosiale rewolusie"**, subtiel, maar ook openlik vervang met **„sosialistiese"**. Volgens **Borovoy** [38]) was hy by uitnemendheid geskik om te praat oor die kwessie van teologie en sosiale rewolusie aangesien hy lid is van die Russiese Ortodokse Kerk wat reeds byna 'n halwe eeu bestaan . . . „in the conditions of the social revolution which lies at the root of almost all the social revolutions of our time".

Hy is bewus dat baie Christene die begrip „rewolusie" gebruik in „the sense off the simple but gradual creation of a new society without any radical breaking with the past". Hy wil dit egter gebruik in die **„broadest sociological** sense of the word" en verstaan daaronder **„a radical break", the overturning of relationships, the restructuring of life, reconstruction".** [39]) Die wesentlike van dié begrip rewolusie is „radical renewal — the new life which does not intend to continue the old life, but rather to finish with it . . . . " [40])

Borovoy will die „radical renewal" verbind aan die Bybelse begrippe **„bekering"** en **„wedergeboorte"** [41]) Dit is met vreugde, volgens hom, deur die eeue op die vlak van die individu aanvaar, maar volgens Borovoy het die Christene teruggedeins om dit toe te pas vir sosiale vernuwing. Dit is volgens hom egter **radikaal in teenspraak** met die sosiale tradisie van die **vroeë Christendom** en die **Griekse vaders**, die messiaanse **prediking van Christus** en die **profete** van die Ou Testament. „Revealed religion in Israel and the early Church was **social and revolutionary first;** it became individualistic and static later". [42])

„Repentance" — gaan Borovoy voort — „that is to say a radical change of mind, a radical break with the former way of life, a radical repudiation of the old, sinful ways, and equally a radical acceptance and engagement of one's whole self in the new and perfect life, i.e. all that we mean by revolution — this kind of repentance, this kind of revolution applies not only to the individual, but also to the whole of society, to the nation, to the class, to every social group". [43])

---

38) Sien Borovoy, **The Challenge and relevance of theology to the social revolutions of our time.** Conf. Address No. 20 in **WCC Information** 14 Julie 1966.
39) Borovoy, a.w. bl. 2. (Ons vetdruk.)
40) Borovoy, a.w. bl. 2.
41) Borovoy, a.w. bl. 3: „Renewal, new life . . . are fundamentally Christian Concepts".
42) Borovoy, a.w. bl. 3. (Ons vetdruk.)
43) Borovoy, a.w. bl. 3.

Volgens Borovoy is „**Christianity . . . by its very nature revolutionary**". [44]) Die Christendom het egter nooit aan die kant van die rewolusie gestaan nie omdat dit 'n gevangene was van 'n kosmosentriese beskouing van die werklikheid en 'n statiese opvatting van „social order". As gevolg van **die antroposentriese beskouing van die wêreld**, die **evolusionêre beskouing van die heelal** en die **herwaardasie van die geskiedenis van die mensheid;** is dit volgens Borovoy, moontlik „to word out a **theology of development and of revolution**". [45]) En dit sê Borovoy „imply **a return to the Bible**". En die taak van die „new theology of revolution" is, om die vroeëre opvattings oor die sakrale aard van die **status quo** omver te werp as synde „**fundamentally opposed to the biblical message about God, who revolutionizes history through the incarnation of the Logos,** through the Easter joy of triumph over evil, through the Church of the incarnate word, through the sanctification by the Holy Spirit of everyone and everything, leading mankind to the realization of the Kingdom of God".

Borovoy het aan die Konferensie die voorbeeld van die Russiese Ortodokse Kerk voorgehou wat bestaan binne 'n totaal gesekulariseerde en sosialistiese gemeenskap. In die Russiese rewolusie het 'n groot deel van die **clerus** bitter weerstand teen die rewolusie gebied. Reeds voor en tydens die rewolusie het 'n groot deel van die rewolusionêre intelligensia, baie werkers en jongmense gebreek met die Kerk. Die rewolusie moes sy weg gaan sonder die Kerk. Terselfdertyd — aldus Borovoy — het dié oorweldigende meerderheid van die gelowiges, wat trou gebly het aan die Kerk, 'n konstruktiewe element geword in die opbouing van die nuwe gemeenskap op die nuwe rewolusionêre basis. Sodoende was hulle 'n voorbeeld vir daardie gedeelte van die **clerus** wat die rewolusie nie verwelkom het nie. Die gelowiges in die Weste moet ag slaan, volgens Borovoy, op hierdie voorbeeld uit Rusland, wat aangetoon het dat 'n teologie van die rewolusie nie net 'n vae moontlikheid is nie, maar 'n onomstrede werklikheid.

Die rapporte van die verskillende werksgroepe asook die boodskap van die Konferensie aan die Kerke, alhoewel erg genoeg, is nie so radikaal soos die toesprake wat ons hierbo uiteengesit het nie. In die rapport van die seksie wat oor hierdie aangeleentheid gehandel het, word uitgegaan van 'n „**scale of values**" naamlik „**human rights** (as understood by the Christian faith and by universal consensus (UN Declaration of Human

---

[44]) Borovoy, a.w. bl. 4.
[45]) Sien Borovoy, a.w. bl. 4. (Ons vetdruk.)

Rights") **„constitution** and **legislation".** As 'n aanneembare konstitusie deur wetgewing verkrag word en dit nie moontlik is om dit spoedig langs wettige kanale reggestel te kry nie, mag die Christene geroepe wees tot burgerlike ongehoorsaamheid wat sitstakings, passiewe ongehoorsaamheid en doelbewuste verbreking van die wet mag insluit. As 'n bestaande konstitusie ontoereikend is met die oog op menseregte, moet dit verbeter word, selfs deur die bestaande konstitusie opsetlik te skend.

Wat die metodes van weerstand wat die Christene mag volg betref word gestel:-

(a) „The clear Christian teaching regarding the respect for persons and the love for one's enemy requires the Christian to seek all possible peaceful and responsible non-violent means of action in society".

Sommige Christene — so stel die rapport — is van oortuiging „that this commitment to non-violent means of witness is absolute and their witness must be respected" .

(b) Die gebruik van geweld is egter in ons huidige wêreld 'n werklikheid wat nie ontken kan word nie. Geweld in albei sy vorme, sigbaar en onsigbaar, word gebruik om baie mense in die wêreld te onderdruk. Hierop kan slegs met geweld geantwoord word. Maar wanneer geweld wel deur gelowiges gebruik word — aldus die rapport — „must it be seen as an ‚ultimate recourse' which is justified only in extreme situations".[46]) In die finale boodskap van die Konferensie aan die Kerke is gestel dat hierdie radikale of rewolusionêre houding van sommige gelowiges **„a solid foundation in Christian tradition"** het en dat dit sy regmatige plek in die lewe van die Kerk en in die bespreking van die sosiale verantwoordelikheid van die Kerk moet inneem.[47])

**BEOORDELING :**

Ter beoordeling van hierdie Konferensie wil ons die aandag vestig op die volgende sake :-

Die Konferensie het uitgegaan van die gegewe rewolusionêre situasie in die wêreld wat hom op feitlik elke lewensvlak reeds laat geld. Dit is waar dat die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling ingrypende veranderings in die samelewing teweeg gebring het en nog steeds sal bring. Dit is ook waar dat hierdie ontwikkeling nuwe probleme vir die mensheid geskep het. Dit

---

46) Sien hieroor **World. Conf. Official Report,** bl. 115 en 116.
47) Sien hieroor **World Conf. Official Report,** bl. 48.

het alles egter nog niks weggeneem van die feit dat hierdie wetenskaplik en tegnologies hoogontwikkelde mensheid se enigste verlossing alleen in Jesus Christus te vind is nie. Die Kerk se taak, oneindig bemoeilik weliswaar deur die ontwikkeling, bly steeds dieselfde, naamlik om as die Apostel van die Drieenige God, juis aan hierdie wêreld die gekruisigde Christus te verkondig. Nou is dit waar dat die Kerk terwille van die uitvoering van sy opdrag om die Evangelie aan die wêreld te verkondig, kennis sal moet neem van die ingrypende veranderings wat genoemde ontwikkelinge reeds meegebring het en blykbaar in die nabye toekoms ook sal voortgaan om mee te bring. Die Kerk sal op hoogte moet wees met die probleme wat dit vir die mens skep. Hy sal heelwaarskynlik ook nuwe weë moet oorweeg om aan die mense wat vasgevang sit in die greep van die steeds stygende eise van bv. die terrein van die arbeid, wat dit reeds vir baie lidmate onmoontlik maak om gereeld in die erediens te kom, die evangelie van die gekruisigde Christus, waarsonder hulle nie kan lewe nie, te verkondig. Ek glo nie dat iemand sal ontken dat daar op hierdie omvangryke vlak geweldig baie studie — en dinkwerk ook op ons Kerk wag nie.

Dit is ook waar dat die sogenaamde „Third World" 'n rewolusionêre wêreld is. Die oorgrootste gedeelte van Afrika verkeer inderdaad in hierdie situasie. Die konferensie se beeld van die „Third World" is, wat Afrika betref, egter ietwat skeef. Die nuwe onafhanklike state van Afrika het te doene met twee soorte van rewolusionêre veranderings. Die eerste is in elkeen van hierdie lande self gewortel en dit is naamlik dat feitlik elkeen van hierdie lande soos 'n legkaart van verskillende etniese groepe lyk — groepe wat dikwels reeds vir baie eeue aartsvyande is. Om een nasie te bou uit dit wat elkeen van hierdie lande ontvang het, is 'n probleem wat mynsinsiens baie geslagte intensief sal besig hou. Hierdie rewolusionêre verandering wat moet kom, word egter eindeloos bemoeilik deur die feit dat daar van alle kante in die huidige koue oorlog onder 'n humanistiese dekmantel gepoog word om rewolusionêre veranderings in die Afrika-lande te manipuleer. Onder die magte wat hulle met hierdie spel besighou, moet genoem word Amerika en Engeland, die Kommunisme in sy Russiese en Rooi Sjinese vertakkings, die kommunistiesegeinspireerde Pan-Afrikanisme en laastens die W. R. self met sy anti-blanke teologie en liefde vir vryheidsvegters. Hierdie magte wat voortdurend politieke veranderings, elkeen vanuit sy eie doelstellings, wil teweegbring, is self die skeppers van die rewolusie wat die Konferensie as feitlike situasie aanvaar het. Hierdie magte is die wreedste vyande van die „Third

World" omdat hulle met hulle openlike en/of ondergrondse inmenging dit onmoontlik maak vir hierdie lande om aandag te gee aan hulle eintlike probleem en die rewolusionêre verandering wat dit meebring, te verwerk. Iets daarvan het in die toespraak van 'Bola Ige navore gekom — 'n kreet om tog met rus gelaat te word!

'n Tweede opmerking wat ons wil maak, staan i.v.m. die Konferensie se pogings om 'n „teologie van die rewolusie" te ontwikkel. Nou is dit waar dat in hierdie verband in die rapport oor die Konferensie gepraat word van **„a theology in transition"** [48]) en dat verskillende sake soos byvoorbeeld die gebruik van geweld deur Christene en die betekenis van woorde soos „nasionalisme" „sosialisme" en andere begrippe volgens 'n aanbeveling in die rapport van die bepaalde seksie, verder bestudeer moet word. Dit is egter baie duidelik dat hierdie „theology in transition" weg van die Bybels-reformatoriese Teologie beweeg in die rigting van 'n heillose sosialisties-humanistiese denkrigting. Dat die ontwikkeling van 'n teologie van die rewolusie 'n „return to the Bible" is, soos Borovoy beweer, of dat „Christianity by its very nature revolutionary" is, klink in ons ore na godslastering.

Die pogings om 'n teologie van die rewolusie daar te stel, moes noodwendig volg op die versosialisering van die Christus van God en Sy Evangelie. Die verkondiging van die versosialiseerde Evangelie moes noodwendig hierop uitloop want „the basic missionary dynamic of the ecumenical movement" was inderdaad deur al die jare van die W.R. se bestaan **„a seedbed of revolutionary motivation".** [49])

Die verband wat Borovoy lê tussen wedergeboorte en sosiale rewolusie, of beter sosialistiese rewolusie, is uiters vergesogd. Die wedergeboorte is inderdaad soos Borovoy beweer „a radical renewal", maar dan alleen „a radical renewal" in Christus en dus nie 'n **habitus** van die wedergebore menself nie.

Die gedagte van sosiale rewolusie is in elk geval totaal vreemd aan die Bybel. Nêrens het Jesus, soos Borovoy beweer, rewolusie in enige vorm voorgestaan nie. Alhoewel Hy Selote in sy dissipelkring gehad het, het Hyself die owerheid (wat 'n heidense owerheid was met sy Keiserkultus) aanvaar en elke poging om dit om-

---

[48]) **World Conf. Official Report,** bl. 96. (Ons vetdruk.)

[49]) Charles West, **Technologists and Revolutionaries** in Background Information for Church and Society, No. 38, Mei 1967, bl. 6. (Ons vetdruk.)

ver te werp, radikaal afgewys.[50]) Dit is my duidelik dat die „original Christian revolutionary emphasis" wat Shaull en andere dan weer probeer terugwen, nie in die Bybel self gevind word nie, maar van 'n ander oord daarin gelees word.

Wat die deelname van gelowiges betref aan rewolusie, is dit duidelik dat die Konferensie slegs aansluiting kon vind by rewolusionêre Christelike groepe van die Engelse rewolusie en die puriteine. By **Calvyn, (die Confessio Belgica** en die **Confessio Scotica)** kan hulle nie aansluiting vind nie. Wat die owerheid betref het Calvyn [51]) gestel:- „Ons mag hoegenaamd nie net let op die persone, of hulle hul plig vervul of nie, maar ons moet op die orde let wat God opgerig het. Die owerheid kon nooit deur die bedorwenheid van mense so volledig vernietig word dat daar niks van oorbly nie. Daarom, al mag die owerheidspersone, groter verwarring aanrig as hulle wat nie 'n amp beklee nie en geen plig het nie, al is hulle selfs die verklaarde vyande van God, moet nogtans erken word dat God die koninkryke, vorstedomme en die troon van geregtigheid opgerig het, sodat ons in sy vrese vreedsaam ons dae mag deurbring en 'n eerbare lewe kan lei. Dit, so sê Calvyn, kan deur die boosheid van die mense nie vernietig word nie. Om die reg te handhaaf, tot welstand van die menslike geslag, is as sodanig deur God ingestel. Daarom is die ergste tirannie beter as die gebrek aan enige orde. Dit is beter en nuttiger as anargie want dit dien op een of ander wyse tog nog daartoe om die menslike gemeenskap te bewaar. Daarom moet die gelowiges nie net die wette van die owerheid gehoorsaam nie, maar ook vir die owerheid bid, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid kan lei'. Alleen 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid is dienstelik vir die voortgang van die Evangelie. Aan die anderkant, aldus Calvyn, as ons die voordele wat 'n goeie owerheid meebring (dit is die rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid) ontbeer, moet ons weet dat dit aan onsself te wyte is.

Dit is die toorn van God wat die owerheid vir ons nutteloos maak, op dieselfde wyse as wat dit die aarde onvrugbaar maak. Daarom moet ons bid vir die wegname van daardie straf wat ons sonde oor ons gebring het.[52]) Dus wanneer daar 'n volk is wat deur sy owerheid verdruk word ,dan kan dit nie die taak van die gelowiges in daardie volk wees om rewolusie te beplan of om die regering op watter manier ookal te ondergrawe nie, maar dan moet daardie volk sy skuld voor God bely, bid vir sy ower-

---

[50]) Sien O. Cullmann. **Church and State,** London 1957, bl. 18.
[51]) **Calvyn,** a.w. bl. 53.
[52]) **Calvyn,** a.w. bl. 53.

heid en die wegname van die straf wat voortvloei uit God se toorn.

Tenslotte kan dus samevattend gestel word dat die poging van die Konferensie om tot 'n teologie van die rewolusie te kom in sy geheel onaanvaarbaar is — meer nog: dat die W.R. van Kerke hom hier op 'n uiters gevaarlike terrein begewe; dat sy sogenaamde teologie van die rewolusie „in transition" namelose ellende juis vir die nasies van die sogenaamde „Third World" kan veroorsaak. Per slot van sake sê die Heilige Skrif: „Almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan". (Math. 26:52).